UIT DIE PEN VAN DIE CEO (48/23)
(Volg my op Twitter justchad_cga)
Justin Chadwick 1 Desember 2023

"One day you will wake up and there will be no more time to do the things you have dreamed of. Do them now" Paulo Coelha

CLEMENGOLD IS 20

Dit is moeilik om te glo dat dit 20 jaar gelede was toe die bedryf aan die Clemengold-handelsmerk en die visie vir die handelsmerk se toekoms, bekendgestel is. Daardie visie het 'n werklikheid geword, Clemengold is 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika, en dit verwerf wêreldwyd gewildheid. Vir die vinnig-groeiende mandarynsektor, was die skepping van 'n handelsmerk om verbruikersvraag te dryf, noodsaaklik vir Suid-Afrika – en alle betrokkenes moet erkenning aanvaar vir hul versiendheid en aandag aan detail. Met nog meer mandarynboorde wat in die toekoms in produksie gaan kom, gaan ons elke verbruiker wat ons kan, moet lok om hierdie wonderlike vrug te koop. Die CGA-groep wil ook vir Clemengold bedank vir al die borgskappe en ondersteuning oor die jare – Clemengold het baie projekte by die *Citrus Academy* befonds, en het geleenthede by die CRI Navorsingsimposium en CGA *Citrus Summit* geborg – meestal waarby fantastiese Clemengold gin betrokke was!!

CRI NAVORSINGSIMPOSIUM

Suider-Afrika se sitrusprodusente se grootste belegging is in navorsing – 'n belegging van sowat R170 miljoen jaarliks in aktiwiteite wat deur Citrus Research International bestuur word. In 2024 hou CRI hul gewilde CRI Navorsingsimposium in die Drakensberge (Champagne Sports Resort) vanaf 18 tot 21 Augustus 2024. Die afgelope jare was hierdie geleentheid uitverkoop – en diegene wat te laat wakker geskrik het, kon dit nie bywoon nie. Aangesien sitrusprodusente primêre befondsers van CRI is, is daar 'n geleentheid om vir die CRI Navorsingsimposium te registreer voordat registrasies vir ander afgevaardigdes oopmaak. Diegene wat gholf speel, moet vir die baie gewilde gholfdag inskryf, op een van die mees skilderagtige bane in Suid-Afrika. Produsente moet hierdie geleentheid benut wat tot einde Januarie 2024 beskikbaar is (waarna registrasie oop is vir almal). Maak seker dat jy verblyf bespreek aangesien daar ook beperkte beskikbaarheid is.
Om te registreer, besoek www.symposium.citrusres.com. Onthou ook om vir die Gala-dinee te registreer – die grootste pret wat jy saam met 'n klomp wetenskaplikes kan hê!!

SONKRAG AS 'N ENERGIE-OPLOSSING

CGA het onlangs 'n opname onder sitrusprodusente gedoen oor hul perspektief op die gebruik van sonkrag as 'n alternatiewe energiebron, en die resultate is tydens die Sitrus Volhoubaarheidsforum (CSF) (21 November 2023) gedeel. Ongeveer **48% persent** van die respondente het een of ander vorm van sonkragtoevoer geïnstalleer. Die hoofredes vir die toevoeging van sonkrag tot hul energievoorsieningsmengsel, was kostebesparing en om risiko te verminder, wat daarop dui dat die onderneming proaktief teen die energiekrisisse beskerm word. **51 Persent** van die respondente genereer meer as die helfte van hul energie self. Die uitdagings verbonde aan die aanvaarding van son-energie, sluit in die tegniese aspekte van integrasie met Eskom-toevoer, en om maniere te vind om energie te "bank". Besighede kan meer administrasie verwag, wat verband hou met die koop en verkoop van energie, en moet ook diefstal van sonkragtoerusting hanteer. Die volledige aanbieding by die CSF, is by albert@cga.co.za beskikbaar.



THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'